

11 September

Hosea 12:1-15

(Teks: 12:7) Vestig jou hoop op die Here

"Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie..."(Deut4:19).

"Wat jy moet doen, is om na jou God toe terug te keer: jy moet Hom liefhê en sy bevele gehoorsaam, jy moet jou hoop altyd op jou God vestig." (Hosea 12:7).

Mense vestig deesdae hulle hoop op baie dinge: weervoorspellers, aandelemarkte, geluk by casino's of weddenskappe by perdewedrenne, op wat die sterre voorspel, op onderhandelinge tussen groot moondhede, op 'n handves van menseregte en 'n nuwe grondwet...

Dit is nie iets nuuts nie.

Moses, die verlosser en middelaar wat die Here aan sy verbondsvolk van die Ou Testament gegee het, moes destyds al die Godsvolk waarsku teen 'n soortgelyke nuttelose toekomsverwagting:

"Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie..."

Eeue later kom sê die Here deur sy profeet Hosea vir sy kerk wat ons dan wel móét doen: *"...jy moet jou hoop altyd op jou God vestig."*

Vir die kinders van die Here in die veelbewoë laaste jare van die 20e eeu is dit van die uiterste belang dat ons die Verlosser en Middelaar van wie Moses 'n flou afskaduwing was, Jesus Christus, die Seun van die lewende God, ken en aanbid.

Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. (1 Petrusl:13 NV).

Sing Psalm 95:1 en 4

Ds. F.J. du T Lessing (Nelspruit)